Anita gaan dokter toe

Anita voel vandag siek.

Sy voel warm.

"Ek voel siek," sê sy vir Japie, haar beertjie. "Ek voel warm."

Anita se ma neem haar dokter toe. Sy sê vir die verpleegster dat Anita siek is.

"Anita is baie warm," sê haar ma.

Die dokter roep vir Anita.

"Hallo, Anita, hoe voel jy?" vra die dokter.

"Ek voel siek," sê Anita vir die dokter.

"Kom, laat ek kyk wat fout is," sê die dokter.

AEB
DNEB
PTEUR
FXRDUE
TBEGLOP

Die dokter weeg Anita op die skaal.

"Ons moet kyk hoeveel jy weeg," sê sy vir Anita. "Dis gaaf, jy weeg 25 kilogram."

"Kom ons kyk nou hoe lank jy is," sê die dokter.

Die dokter gebruik 'n maatstok om Anita te meet.

"Jy is 125 sentimeter lank," sê die dokter.

Die dokter druk op Anita se maag. Dit maak nie seer nie.

Dan luister die dokter na Anita se bors. Dit maak nie seer nie.

Die dokter kyk in Anita se ore.
Dit maak nie seer nie.

Die dokter kyk in Anita se mond. Dit maak nie seer nie.

"Jy is siek," sê die dokter vir haar. "Jy het griep. Ek moet vir jou 'n inspuiting en medisyne gee."

Die dokter gee vir Anita 'n inspuiting. Dit maak 'n bietjie seer.

"Eina!" roep Anita uit.



Eina!

Anita vra die dokter om na Japie ook te kyk.

"Dokter, Japie is ook siek," sê sy.

"Is jy ook siek, Japie?" vra die dokter. Sy luister na Japie se bors. Sy bors klink gesond.

Daar is 'n snytjie aan Japie se been. Die dokter plak 'n pleister daarop.

"Nou sal jy beter voel," sê die dokter vir Japie.

Die dokter gee vir Anita medisyne. Sy moet drie maal per dag 'n teelepel van die medisyne drink.

Die dokter gee ook vir Anita 'n suiglekker. "Jy was baie dapper, Anita," sê sy.

"Dankie, dokter," antwoord Anita. "Kan Japie asseblief ook 'n suiglekker kry?"

"O ja!" sê die dokter. "Japie kan sommer twee suiglekkers kry."

Dokters help ons wanneer ons siek is!

Hoe om 'n siek teddiebeer te versorg.

Voel of jou teddiebeer warm is.

Gee jou teddiebeer sy medisyne.

Lees vir jou teddiebeer 'n storie.

Sit jou teddiebeer in die bed.

Maak vir hom bietjie sop om te eet.

Maak vir hom 'n mooi kaartjie.

Gee hom 'n drukkie.

Groepleesaktiwiteite

1 Kyk na die prente. Sê vir jou maat watter prent eerste, tweede, derde en vierde moet wees. Gebruik die prente om die storie aan jou maat oor te vertel.

2 Beantwoord hierdie vrae saam met jou maat:

a. Wat is die titel van die storie?

b. Wat het die dokter aan Anita gedoen?

c. Wat het die dokter aan Japie gedoen?

3 Voer 'n rolspel oor die storie op.

4 Kyk na die klanke in die eerste kolom. Wys jou maat watter woorde op elke reël dieselfde klanke bevat. Skryf die woorde wat die klanke bevat dan in jou klaswerkboek.

aa	maal	gaan	hoor
ee	beer	waag	meet
oo	aan	oor	ook
pl-	plak	pleister	proe
dr-	drink	dink	druk

5 Gebruik die klanke in die raampies om die woorde te voltooi sodat hulle by die prente pas. Skryf die woorde in jou klaswerkboek.

pl-	aa	ee	sk-

b__r	__eister	__aal	m__tstok

6 Soek een sin in die storie met 'n punt (·) en een sin met 'n vraagteken (?) .
Skryf die twee sinne in jou klaswerkboek.

7 Kyk na hierdie prent.
Skryf drie tot vier sinne oor die prent in jou klaswerkboek.

8 Maak vir Anita 'n beterskapkaartjie.

Liewe Anita, Word gou gesond! Van _____ 	Teken 'n prentjie.